

SLAAGVEREISTES – Gr 9

Leerarea	%
Huistaal [Afrikaans / Engels]	50 minimum
Eerste Addisionele Taal [Engels / Afrikaans]	40 minimum
Wiskunde	40 minimum
Lewensoriëntering	<ul style="list-style-type: none"> ➤ 40% in enige DRIE van hierdie sewe leerareas EN ➤ 30% in enige TWEE ander van hierdie sewe leerareas ➤ AGT van die tien leerareas moet geslaag word
Natuurwetenskappe	
Sosiale Wetenskappe	
Tegnologie	
Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe	
Skeppende Kunste	
Tweede Addisionele Taal [Duits / Suid-Sotho]	

Departementshoofde

Mnr Dries v d Wal	Geografie	B1
Mnr Brian du Plessis	Afrikaans HL	B9
Mnr Alex Els	Lewenswetenskappe	H5
Mnr Ingo Machts	Geskiedenis	C10
Mnr Roelf Meyer	IGO	G4
Mnr Fanie Reynders	Gr 8 & 9	B7
Mnr Lourens v d Merwe	Fisiese Wetenskappe	S1
Mnr Pieter Wessels	Rekeningkunde	
	Ekonomie	
	Besigheidstudies	C 16

Vakhoofde

Mnr Naresh Mahabeer	L O	B13
Mnr Stefan (Putu) Pretorius	Besigheidstudies	C15
Mrs Hester Roos	English HL	B11
Mnr Ludwig Koekemoer	English FAL	B2
Mnr Fanie Schoeman	Afrikaans EAT	G1
Mev Tilly Roos	Wiskunde	C6
Mnr Hendri Theron	Wiskunde Geletterdheid	A1
Mev Sannette Greyvensteyn	Duits	A5

Departement Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Die volgende drie vakke word deur die departement Ekonomiese-en Bestuurswetenskappe aangebied:

Rekeningkunde

1. Wat Rekeningkunde nie is nie:

- a. Rekeningkunde behoort nie verwar te word met EBW nie. Daar word meer gespesialiseer en grootboeke en joernale beslaan uiteindelik net 'n klein deeltjie van Rekeningkunde in matriek.
- b. Dit is nie 'n vak wat deur leerders geneem kan word indien hulle nie bereid is om op 'n daaglikse basis te werk nie. Daar kan gereken word op ongeveer 'n halfuur se huiswerk per dag.
- c. Kandidate wat vir 'n onderskeiding in hierdie vak mik, sal baie tyd daaraan moet spandeer. Harde werk is die grondslag vir prestasie in dié vak.

2. Inhoud vir Graad 10:

Temas versprei oor 4 kwartale:

Kwartaal 1	Tema	1	Hersiening van vorige werk gedoen
		2	Inheemse en informele boekhouding
		3	Kontantransaksies
		4	Kredietverkope en afslag aan debiteure
		5	Kredietaankope en afslag deur krediteure
Kwartaal 2	Tema	1	Algemene joernaal
		2	BTW (teorie en berekening)
		3	Salarisse en lone
Kwartaal 3	Tema	1	Beginsels van AARP en IFRS
		2	Finale rekeninge
		3	Aansuiwerings en terugskrywings
Kwartaal 4	Tema	1	Finansiële state van eenmansake
		2	Bestuursrekeningkunde
		3	Begrotings
		4	Etiek en interne kontrole

3. Die geskikte kandidaat:

- a. Het die vermoë om analities te dink en beskik oor uitstekende syfervaardighede. Dit word ten sterkste ontmoedig dat leerders Rekeningkunde saam met Wiskundige Geletterdheid neem.
- b. Behaal **ten minste** 65% vir EBW in graad 9. Leerders wat minder as dié punt behaal is geneig om te sukkel sodra die werkslading toeneem.
- c. Is bereid om hard te werk en ekstra moeite te doen wanneer dit vereis word.

Indien die leerder sou belangstel in 'n B Rek-rigting (CA) is Wiskunde en Rekeningkunde noodsaaklike vakke. Rekeningkunde is ook 'n uiters nuttige vak vir enige kursus in ingenieurswese (kosteberekening), argitektuur en bourekenkunde.

Besigheidstudies

1. Wat Besigheidstudies nié is nie:

- a. Besigheidstudies is nie soos die "ou" Bedryfseconomie nie. Daar word baie meer insig benodig as in vroeër jare.
- b. Dis nie 'n plaasvervanger vir Rekeningkunde of Ekonomie nie, alhoewel Rekeningkunde kan dien as plaasvervanger vir Besigheidstudies.
- c. Kandidate wat vir 'n onderskeiding in hierdie vak mik sal baie tyd daaraan moet spandeer.

2. Inhoud vir Graad 10:

Temas versprei oor 4 kwartale:

Kwartaal 1	Tema	1	Mikro-omgewing
		2	Markomgewing
		3	Makro-omgewing
		4	Verwantskap tussen die omgewings
		5	Sakesektore
Kwartaal 2	Tema	1	Sosio-ekonomiese kwessies
		2	Maatskaplike verantwoordelikheid
		3	Entrepreneurs eienskappe
		4	Vorme van eienaarskap
Kwartaal 3	Tema	1	Kreatiewe denke en probleemoplossing
		2	Sakegeleenthede
		3	Besigheidsligging
		4	Kontrakte
		5	Aanbieding van sake-inligting
		6	Sakeplan
Kwartaal 4	Tema	1	Selfbestuur
		2	Spanwerk

3. Die geskikte kandidaat:

- a. Het die vermoë om te kan leer en weergee. Daar is geen formele vereistes nie.
- b. Sal die inhoud van sy handboek kan relevant maak binne die omgewings waarin hy beweeg.

In samehang met Wiskunde, Rekeningkunde en Ekonomie kan dit 'n goeie grondslag wees vir 'n B.Com-rigting op universiteit.

Ekonomie

1. Wat Ekonomie nié is nie:

- a. Ekonomie word slegs gedeeltelik aangeraak in graad 8 en 9 se EBW-werk. Die vakgebied is egter baie meer omvattend as wat leerders dikwels dink.
- b. Ekonomie behoort nie as 'n vak op sy eie geneem te word nie, maar verkieslik saam met Rekeningkunde en/of Besigheidstudies.
- c. Ekonomie moet geensins as 'n sogenaamde "stopvak" beskou word nie want die leerplan is baie vol en word mettertyd al hoe meer ingewikkeld.

2. Inhoud vir Graad 10:

Temas versprei oor 4 kwartale:

Kwartaal 1	Tema	1	Basiese begrippe in makro-ekonomie
		2	Skaarsheid as die basiese ekonomiese probleem
		3	Die ekonomie-kringloop en kwantitatiewe elemente
		4	Sakesiklusse
Kwartaal 2	Tema	1	Dinamika van markte in mikro-ekonomie
		2	Produksiemoontlikheidskurwes
		3	Die openbare sektor
Kwartaal 3	Tema	1	Vroeë ekonomiese ontwikkeling en globalisering
		2	Historiese oorsig van SA se ekonomiese groei
		3	Geskiedenis van geld en bankwese
		4	Die bevolking en die arbeidsmag
Kwartaal 4	Tema	1	Kontemporêre ekonomiese kwessies
		2	Arbeidsverhoudinge
		3	Ekonomiese regstelling

3. Die geskikte kandidaat:

- a. Het die vermoë om kreatief te dink en inligting (ook van wiskundige aard) sinvol te ontleed. Daar word aanbeveel dat kandidate Wiskunde as vak neem en 'n gemiddelde van ten minste 65% behaal.
- b. Moet verkieslik Ekonomie neem met die opsie om dit in 'n toekomstige loopbaan toe te pas.

In samehang met Wiskunde en Rekeningkunde kan dit 'n goeie grondslag wees vir 'n B.Com-rigting op universiteit. Ekonomie verskaf ook goeie agtergrond vir enige B.Rek.-studierigting, en is 'n voorvereiste vir rigtings in Landbou-ekonomie, bankwese en makelaars (verhandeling in aandele).

GESKIEDENIS

'n Wiskundige los probleme op en 'n geskiedkundige los die oorsaak van die probleme op. Vir politici is die kennis van geskiedenis van kardinale belang - sodat hulle nie foute van die verlede herhaal nie. Navorsing wat in Engeland gedoen is het getoon dat 80% van die hoof uitvoerende beamptes van die top maatskappye in Brittanje, geskiedenis as vak op skool of universiteit gehad het.

In Gr12 moet leerders twee 3-uur vraestelle beantwoord. Die vraestelle behels brongebaseerde vrae (spotprente, koerantartikels en foto's waarvoor vrae gestel word) en opstelvrae.

Geskiedenis is van belang vir persone wat belangstel om loopbane te volg in een van die volgende rigtings:

1. Politiek
2. Buitelandse Sake
3. Joernalistiek
4. Regte
5. Onderwys

“n Volk wat nie sy geskiedenis ken nie is soos 'n boom wat se wortels besig is om dood te gaan.”

Duits

Duits is 'n internasionale taal wat wêreldwyd deur meer as 100 miljoen mense as moedertaal gepraat word en tans deur meer as 15 miljoen as vreemde taal geleer word. Dit is ook die mees gesproke taal in Europa en ook is dit die tweede grootste internet-taal. Duitsland is op talle terreine een van die toonaangewendste lande ter wêreld en daarom kan Duits baie handig te pas kom in die meeste studierigtings. Grey-seuns wat beoog om na skool 'n studierigting bv. ingenieurswese, regte, 'n wetenskaplike rigting, landbou, teologie, toerisme en selfs in die ekonomiese wetenskappe te volg, kan besonder baie by Duits baat.

Leerdere word nie slegs aan die leer van 'n nuwe taal blootgestel nie, maar 'n hele nuwe wêreld en kultuur gaan vir seuns oop. Seuns wat vanaf graad 10 met Duits voortgaan het die geleentheid om vir 'n maand of langer as uitruilstudent na Duitsland te gaan of om die Duitse toer wat deur die skool aangebied word, mee te maak. Indien 'n seun dit hoegenaamd oorweeg om na skool in die buiteland te studeer of werk, sou dit baie wys wees om Duits te neem.

Grey is een van min skole in Suid-Afrika wat nog Duits aanbied en Grey-seuns het 'n besondere voorreg om 'n tweede internasionale taal as deel van hul skoolkurrikulum aan te bied. Indien 'n seun Duits tot graad 12 neem, sal hy uiteindelik Duits kan lees, praat en skryf.

Lewensoriëntering

Lewensoriëntering is 'n verpligte vak tot op matriekvlak. Die vak behels twee komponente, naamlik 'n teoretiese component asook 'n praktiese component wat in die skoolgimnasium aangebied word. Die teoretiese komponent behels 80% van elke kwartaalpunt en die praktiese punt (sport en fisiese aktiwiteite) behels die oorblywende 20%.

Die doel van Lewensoriëntering is om leerders toe te rus vir die daaglikse uitdagings van die lewe – op skool sowel as na matriek.

Verskeie onderwerpe, wat die volgende insluit, word in die graad 10-jaar behandel:

- Beroepe en beroepskeuses
- Demokrasie en menseregte
- Ontwikkeling van die self in die gemeenskap
- Studievaardighede

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Die volgende is van toepassing:

- Die vak is verpligtend vir alle Engelssspreekende leerlinge.
- Afrikaans is die medium van onderrig.
- Afrikaans Eerste Addisionele Taal is 'n leervak, veral wat die Letterkunde komponent betref.
- Die vereiste slaagpersentasie is 30% (Graad 10 – 12)
- Dis van kardinale belang dat ouers seker maak dat leerders by die huis lees en leer om Afrikaans magtig te word.
- Areas wat gedek word sluit in:
 1. Luister en praat
 2. Lees, kyk en verstaan
 3. Skryf en aanbied
 4. Voorgeskrewe literatuur
 5. Taalstrukture en -konvensies

Afrikaans Huistaal

Afrikaans Huistaal is 'n verpligte vak vir alle Afrikaanssprekende leerlinge:

- Die slaagsyfer vir Afrikaans Huistaal is 40% (gr.10 -12).
- Indien 'n leerder nie sy Huistaal slaag nie, druij hy die betrokke graad.
- Dit is uiters belangrik dat u, as ouer, ons sal ondersteun en verseker dat leerders tuis lees en leer, om só hul kommunikasievaardighede én punte te verbeter.
- Die Huistaal-sillabus bestaan uit die volgende komponente:
 - Luister en praat
 - Lees en kyk (begrip/voorgeskrewe)
 - Skryf en aanbied (stelwerk)
 - Taalstrukture en -konvensies.
- Afrikaans Huistaal is inderdaad 'n leervak, veral wat die voorgeskrewe betref!

English First Additional Language

The following is applicable:

- The subject is compulsory for all Afrikaans-speaking learners.
- The medium of teaching is English.
- The pass percentage is 40%.
- Teaching areas dealt with include:
 1. Listening and speaking
 2. Reading, viewing and comprehension
 3. Writing and presenting
 4. Prescribed literature
 5. Language structures and conventions

English Home Language

English Home Language is a compulsory subject for all English speaking learners:

- The pass mark for English Home Language is 40% (gr 10 – 12).
- It is of utmost importance that you, as parents should assist the teacher – and more specifically – your son in ensuring that they have regular access to books and that they actually read at home. This is **THE ONLY WAY** to improve both communication and marks.
- The Home Language syllabus comprises the following components:
 - Listening and speaking
 - Reading and understanding (comprehension/
literature)
 - Writing and presenting (creative writing)
 - Language structures and conventions.
- Finally, please be aware that especially as concerns prescribed literature, Home Language indeed requires learning.

LIFE SCIENCES / LEWENSWETENSKAP

AREAS OF KNOWLEDGE / KENNISAREAS

Life at molecular, cellular and tissue level	Lewe op molekulêre, sellulêre en weefselvlak
Life processes in plants and animals	Lewensprosesse in plante en diere
Environmental studies	Omgewingstudies
Diversity, change and continuity	Diversiteit, verandering en kontinuïteit

CASS / DAS – 25%

10 – 11	12
Practical tasks	Praktiese take
Formal tests	Formele toetse
Project / Assignment	Opdrag
Practical Exam	

EXAMINATIONS / EKSAMENS – 75%

10 – 11	12
Mid-Year examinations [June] P I – 150	Gemeenskaplike eksamen [Junie] V I – 150 / V II – 150
Final examinations [November] P I – 150 / P II – 150	Vorbereidende eksamen [September] V I – 150 / V II – 150
	NSS Eksamen [November] V I – 150 / V II – 150

CAREERS / LOOPBANE

HEALTH SCIENCES

Medicine

Dentistry

Pharmacology

Optometry

Nursing

Physiotherapy

SCIENTIST/RESEARCHER/LECTURER

Botanist

Zoologist

Biochemist

Biotechnologist

Geneticist

Microbiologist

OMGEWINGSWETENSAPPE

Natuurbewaarder

Wildbewaarder

Tuinboukundige

Prokureur

VOEDSELTEGNOLOOG

ONDERWYSER

INGENIEURSGRAFIKA EN ONTWERP

IGO IS 'n vak wat sedert 2006 op skool aangebied word en op matriekvlak, vanaf 2009. Dit het die vak Tegniese Tekene vervang.

Die vak ressorteer onder die leerarea Tegnologie.

Dit is 'n akademiese vak met onderskrywing wat beteken dat dit bydra tot matrikulasievystelling-status.

Leerders het tot graad 9 baie min blootstelling aan die vak.

Geringe mate van blootstelling word in grd 8 en 9 deur middel van die vak Tegnologie gekry, waarvan Grafika slegs 'n deel van een van die aspekte van die leerplan is.

IGO is 'n vak waar gekommunikeer word deur grafika. Dit word gedoen deur met tekene te kommunikeer volgens internasionale kodes, simbole en standaarde.

Vaksamestelling: IGO bestaan uit:

Siviele tekene

Meganiese tekene

Beskrywende meetkundige tekene

Vraestelle en punte-indeling:

Twee drie-uur vraestelle in graad 12.

Beide vraestelle tel uit 200 punte wat verwerk word na 'n punt uit 100.

Die eerste vraestel bestaan uit hoofsaaklik siviele tekene.

Die tweede vraestel bestaan hoofsaaklik uit meganiese tekene.

Gesamentlik tel die vraestelle 200 van die 400 punte

Die res van die punte word bepaal deur 'n navorsingsprojek van 100 punte.

Dit is die praktiese assesseringstaak wat nasionaal opgestel word, intern geassesseer word en op provinsiale vlak gemodereer word. Graad 12-leerders het in 2010 'n aftree-oord ontwerp met 'n gemeenskapsentrum. Al die tekene en spesifikasies vir die goedkeuring van sodanige ontwikkeling moes saamgevat wees in die ontwerp.

Die finale 100 punte word bepaal deur die leerder se jaarpunt.

Enkele studierigtings wat IGO leerders kan oorweeg:

Argitektuur

Bourekenkunde (projek- en konstruksiebestuur)

Grafiese ontwerp

Ingenieurstudies

MUSIEK

Graad 10-12-musiekleerders moet die volgende ontwikkel:

Tegniese beheer oor een of meer musiekinstrumente of die stem

Uitvoeringsvaardighede van 'n wye verskeidenheid musiekwerke in solo- en ensembleverband in Westerse kunsmusiek (WKM) en soos deur die instrument vereis word

Die vermoë om musieknotasie te lees

Kreatiwiteit deur improvisasie en deur die ontwikkeling van eie musikale idees

Begrip van bestaande musiekwerke ten opsigte van die gebruik van komposisietegnieke; toepassing van musiek-elemente daarin en om dit dan in 'n bepaalde kultuur-historiese konteks te plaas.

Bewustheid van verskeie musiektradisies en vertrouetheid met verskeie musiekstyle

Oorsig van temas, Grade 10 - 12

1. Musiekvoordrag en improvisasie

Ontwikkeling van uitvoeringsvaardighede in solo- en ensemble-kontekste

Ontwikkeling van vaardighede in improvisasie

2. Musiekgeletterdheid

Musiekteorie en notasie

Gehoorbewustheid van teorie

Bladsing

Harmonie en musiekterminologie

3. Algemene musiekkennis en ontleding

Vorm en struktuur

Geskiedenis van Westerse kunsmusiek met oorsigte van jazz, inheemse Afrika-musiek, komponiste en uitvoerders

Musikale werktipes

Die Suid-Afrikaanse musiek-industrie

Algemene musiekkennis, Graad 10

Kwartaal 1

Klassifikasie van instrumente

Vorm

Rock en pop

Studie van eie voordraginstrument

Kwartaal 2

Afrikaanse musiek

Boeremusiek

Moppies en Ghoemas

Indiese musiek

Inleiding tot Westerse kunsmusiek (historiese tydlyn)

Kwartaal 3

Musiek van die Baroktydperk

Kwartaal 4

Musiek van die Klassieke styltydperk

Instrumente wat geneem kan word:

Alle klawerbord-instrumente

Band- instrumente

Blokfluit

Drum kit

Kitaar

Orkesinstrumente

Perkussie (drie instrumente)

Stem

Grey Kollege Sekondêr bied klavier en tjello aan; alle ander instrumente moet privaat geneem word.

Stroming volgens styl

Leerders sal dit meestal verkies om stukke in die styl van die gekose baan te speel (Westerse kunsmusiek). Leerders mag egter ook die styl van hul gekose baan met 'n ander styl vir hul voordragwerk meng. 'n Leerder mag byvoorbeeld kies om een of meer jazz- of rockstukke aan te bied.

Tydstoekenning vir musiek

Agt onderrigperiodes per sewedagsiklus word vir musiek toegeken. Waar musiek as 'n ekstra vak geneem word, is die toegewese tyd minder en in ooreenstemming met individuele behoeftes en onderrighulpbronne. Voorts word van leerders verwag om oefentyd vir hul instrumente buite skooltyd in te ruim. Sou daar bykomende tyd toegewys word, moet dit aan groepsaktiwiteite soos ensemble-oefeninge bestee word.

Minimum vlakke vir voordrag, Grade 10 - 12

Teen die einde van elke jaar moet leerders aan die volgende *minimum* vereistes voldoen:

Graade 10: 'n Ekwivalent van Graad 3 van 'n erkende toetsagentskap *

Graade 11: 'n Ekwivalent van Graad 4 van 'n erkende toetsagentskap

Graade 12: 'n Ekwivalent van Graad 5 van 'n erkende toetsagentskap

*Toetsagentskappe sluit in ABRSM, Trinity-Guildhall, UNISA, en Rock School

NATUURWETENSAPPE in Gr 9 bestaan uit:

1. FISIESE WETENSAPPE
2. Lewenswetenskappe

FISIESE WETENSAPPE in Gr 10-12 bestaan uit: Fisika en Chemie

Aanbevelings vir Gr 10:

- Minimum van 60% vir Natuurwetenskappe in Gr9
- Moet in Gr
- 10-12 Wiskunde neem en NIE Wiskundige Geletterdheid nie.

Rekenaartoevoegingstechnologie

RTT as vak is toegewy aan die studie en bemeestering van kantoor produktiwiteitoevoegings soos Microsoft Office (Word, Excel, Access en PowerPoint) en die effektiewe gebruik van 'n bedryfstelsel soos Windows.

Daar is ook 'n teoriekomponent wat fokus op 'n aantal IKT tegnologieë. (bv. netwerke, die Internet, inligtingsbestuur & stelselstechnologie.)

RTT as vak vir universiteitstoelating:

RTT is nie op die lys van aangewese vakke nie, en tel nie as een van die VIER vakke waarin 'n leerder 50% of meer moet behaal vir toelating nie. RTT dra wel volwaardig by tot die TP telling wat 'n leerder moet behaal om toelating te verkry indien hy 50% in VIER van sy ander vakke wat op die aangewese lys voorkom, behaal het.